# RPO Markverslag

## Week 02 van 2026


Week geëindig op 9 Januarie 2026





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R40.90 | -1.6% | -1.5% | 22.2% |
| A2 (R/kg) | R66.51 | -5.1% | -4.9% | 17.9% |
| B2 (R/kg) | R63.14 | -2.6% | -0.1% | 29.5% |
| C2 (R/kg) | R61.05 | -1.1% | -2.8% | 28.6% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 2 met 1.6% gedaal teenoor die vorige week en is tans 22.2% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n swakker vraag na speenkalwers. Die verwagting is dat die prys effens kan styg tot in Februarie en dan stelselmatig kan begin daal soos speentyd in Maart aanbreek. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Februarie ongeveer R42/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R37/kg en nie hoër as R48/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 2 met 5.1% gedaal teenoor die vorige week en is tans 17.9% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n hoër aanbod en swakker vraag van karkasse in die mark. Die verwagting is dat die prys vanaf Januarie tot in Februarie stelselmatig kan daal en van Maart af weer 'n stygende tendens kan volhou. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Februarie ongeveer R67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R75/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO


# RPO Markverslag

## Week 02 van 2026

Week geëindig op 9 Januarie 2026




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R51.31 | 0.9% | 1.2% | 28.2% |
| A2 (R/kg) | R114.40 | -1.5% | 3.2% | 18.3% |
| B2 (R/kg) | R83.27 | -3.3% | -1.7% | 23.9% |
| C2 (R/kg) | R83.45 | -2.3% | -0.9% | 26.1% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 2 met 0.9% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 28.2% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys 'n stygende tendens kan volhou vanaf Februarie af soos die aanbod op stoorlammers verminder. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Februarie ongeveer R51/kg te wees, terwyl dit nie laer as R47/kg en nie hoër as R56/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 2 met 1.5% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 18.3% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer vraag na lamkarkasse in die mark. Die verwagting is dat die prys 'n moontlike sywaartse tendens kan volhou tot in Februarie en dan effens kan begin daal vanaf Maart. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Februarie ongeveer R110/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R99/kg en nie hoër as R123/kg behoort te wees nie.




*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*